Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 9 **Januarie 2012**

Inhoud

Artikels

Ons gesels met: Chireze Hoogendyk-Blue 3
Wanneer my kind bang is vir skool 4
Pienkvoet Pret: “Ek wil buite speel!” 5
Artikel: 11-jarige illustreerder sluit aan by Anna Emm-span! ... 6
Rubriek: Ons plus twee 7
Inspirasie-rubriek: Ek is my kind se voorbeeld 7
Oulike produkte: *Storie Minute* 8

Vir die kleingoed

Storie: Lekkerbekkie gaan skool toe 1
Inkleurprentjie 2

Bak en brou

Resep: Piesang en Jogurt muffins 6

Kompetisie

Wen die *Storie Minute* CD-reeks 9

Kontakbesonderhede 9

Foto: Sharon Truter Photography

Die eerste Lekkerbekkie van die nuwe jaar!

Ons wens vir al ons Lekkerbekkie-lesers ‘n baie besonderse jaar toe! Mag dit ‘n jaar propvol nuwe dinge wees, gesonde kinders en GROEI in alle areas! Om die nuwe jaar in te wy, gesels ons in hierdie uitgawe ‘n bietjie oor “terug-skooltoe-dinge”. As jy met ‘n kleinding sit wat bang is om kleuterskool toe te gaan, lees gerus ons advies-artikel (bl.4). Ons reseppie hierdie maand is ‘n heerlike “Piesang en Jogurt” muffin-resep wat ideaal is vir die kosblik of vir daardie honger magies ná skool. In ons storie gaan Lekkerbekkie die muis ook by die hasies se skool inloer…

Ek het met Chireze Hoogendyk-Blue gaan gesels oor al die aanpassings en uitdagings in haar lewe (bl.3), en in ons Pienkvoet Pret artikel is daar oulike idees vir buitekant speel – terwyl die lekker son-skyndae dit nog toelaat! (bl.5)

Kyk gerus na ons *Storie Minute* CD-reeks (bl.8) as jy jou kleinding daardie ekstra hupstoot wil gee voor hy skool toe gaan. Een gelukkige Lekkerbekkie-leser kan dan ook die stel van 6 *Storie Minute* CD’s in hierdie maand se kompetisie wen!

Groete uit die kantoor
Anna Emm

AFRIKAANSE
storieboekies
vir voorlees
voor slaaptyd!

www.AnnaEmm.co.za

Lekkerbekkie is GRATIS! Stuur ‘n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za en ontvang elke maand ‘n nuwe uitgawe.

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerbekkie gaan skool toe

Wanneer die dae kouer word en die diertjies van die bos begin kos soek vir die winter, dan is dit tyd vir die klein hasies om skool toe te gaan. Die hasies se skool is in ‘n groot hol boomstomp wat in die gras lê, en elke oggend hop-hop hulle in ‘n rytjie soontoe.

“Ek wil ook skool toe gaan!” roep Lekkerbekkie Muis uit, en hy hop agterna. “Ek wil ook sien wat julle doen daar in die hol stomp. Wag vir my!”

By die hasies se skool wag Juffrou Juffrou vir hulle.
“Opskud, hasies, opskud!” roep Juffrou Juffrou. “Daar is baie dinge om vandag te doen!”

Een vir een kruip die hasies by die hol boomstomp in.

“Ek wil ook saamkom!” roep Lekkerbekkie Muis uit, en hy kruip agter die laaste hasie aan by die stomp in. Hy wil ook sien wat die hasies by die skool maak.

“Vandag gaan ons leer hoe om “hasie” te skryf,” sê Juffrou Juffrou, en sy haal ‘n pen uit en skryf op ‘n wit papier. “H – A – S – I – E … hasie!” skryf sy. Al die hasies haal ook hulle penne uit en skryf “hasie” op hulle wit papiere.

“Ek wil ook skryf!” roep Lekkerbekkie Muis uit. Hy vat ‘n pen en skryf op ‘n groot wit papier. Hy wil “H –A –S –I –E” skryf, maar sy letterstjie wil nie lekker werk nie, en nou staan daar “MUIS” op sy papier. “M – U – I – S… muis!”

“Dit lyk nie reg nie,” sê Juffrou Juffrou, en loer kwaai na Lekkerbekkie Muis. Dan sê sy vir die hasies: “Nou gaan ek vir julle leer hoe om wortelslaai te maak.”

Juffrou-Juffrou vat ‘n wortel, sny dit in klein stukkies, en maak wortelslaai.

“Ek wil ook wortelslaai maak!” roep Lekkerbekkie Muis, en toe die hasies elkeen ‘n wortel vat en wortelslaai begin maak, doen hy dit ook. Maar o aarde! Lekkerbekkie Muis se slaai proe nie soos wortels nie. Dit proe net soos kaas!

“Dit proe nie reg nie,” sê Juffrou Juffrou, en loer kwaai na Lekkerbekkie Muis.

Toe die ander hasies leer om tonnels te grawe, val Lekkerbekkie Muis se tonneltjie plat. Toe die hasies leer om te hop-hop-spring, kan Lekkerbekkie Muis se beentjies net so trippel-trippel maak!

Lekkerbekkie Muis sug.

“Ek dink nie ek hou van skool nie,” sê hy. “Ek kan niks reg doen nie.”

“Toemaar, Lekkerbekkie Muis,” fluister die hasies. “As die skool vanmiddag uitkom, gaan ons by jou kom speel. Dan kan jy vir ons leer hoe om “MUIS” te skryf, en dan kan jy vir ons kaasslaai maak en lekker tee! Dan kan ons speel ons is by die muise se skool!”

O, en nou is Lekkerbekkie Muis vreeslik opgewonde! Dit klink vir hom na ‘n goeie plan.

Die Einde.



Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (11) en Mila (10 maande).
www.annaemm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

© Anna Emm Productions 2012

Chireze Hoogendyk (mev. Elvis Blue)… oor die nuwe uitdagings in haar lewe!”

Vandat Elvis Blue Idols gewen het, het dinge baie verander vir hom en sy vrou, Chireze, en hulle dogtertjie, Lila. Anna Emm het met Chireze Hoogendyk (mev. Elvis Blue) gaan gesels oor ma-wees, en die nuwe uitdagings in haar lewe.

Hoe oud is Lila nou?
Sy is 2 jaar. Dis ‘n opwindende ouderdom, en ons geniet al die nuwe woordjies wat sy leer! Elke oggend word sy wakker, kom in ons kamer ingestap, en groet my met ‘n groot soen en ‘n “Hallo mamma!” Daar is so baie vreugdes, ek kan hulle nie eens almal opnoem nie. Die uitdagings is natuurlik alles wat nou ook saam met die “terrible two’s” kom. Dis moeilik om altyd te weet hoe om dit te hanteer – mens is so lief vir jou kind en wil nie onnodig streng wees nie. Ek dink ‘n mens moet maar vooraf saam met jou man besluit hoe jy die uitdadings gaan hanteer, en dan daarby hou.

Julle is ‘n baie hegte gesin. Hoe akkommodeer julle die besige skedule?
Ons is baie geseënd deur alles wat gebeur het die afgelope tyd, en ons is elke dag so dankbaar! Ek kon ophou werk en net by Lila wees – wat altyd ‘n groot droom was vir my. Dit was nogals ‘n aanpassing om van George na Johannesburg te verhuis, en ek sukkel maar soms. Veral as my man baie weg is van die huis. Wanneer hy by die huis is, is hy gewoonlik baie moeg. Ons werk hard daaraan om tyd saam te maak en dinge as gesin saam te doen. Dis vir ons albei baie belangrik. Ek en Lila het aan die begin baie saam getoer, maar op die ou end het ons besluit dis beter vir haar by die huis. Sy is sensories sensitief, en die lang ure op die pad kan dit vererger.

Watter raad het jy vir mammas wat voel hulle kom net nie by almal en alles uit nie?
Dis moeilik om advies te gee, want vir elkeen werk dit anders. Ek troos my daaraan dat môre nog ‘n dag is. As my gesin gelukkig is, is ek tevrede. Met ons skedule kan ons nie eintlik vooruit beplan nie. Ek moet dikwels vriende en familie teleurstel en op kort kennisgewing kanselleer. Maar ons het besluit dit is die fase waarin ons nou is, en dit kan nie anders nie. Waaraan ek wel harder moet werk, is om vertroue in “hulp” te plaas! Ek los Lila maar moeilik by iemand anders, wat veroorsaak dat sy baie ma-vas is. Met my tweede kind wil ek probeer om dit anders te doen.

Hoe maak “Elvis Blue se vrou” tyd vir haarself?
Dis ‘n moeilike een! Maar ek het darem ‘n ongelooflike skoonma en skoonsus op wie se knoppie ek kan druk om na Lila te kyk. Dit gebeur nie baie nie, maar dan gaan stap ek bietjie in die winkels. Ek is mal ook kreatiewe goed, en websites soos www.pinterest.com kan my ure besig hou. (Nie dat ek regtig ure het nie!) Ek het ook begin met ‘n “make-up” kursus, en sien baie uit daarna om dit deeltyds te begin doen.

Wat is jou drome vir jou man, jou kinders en jouself?
Vir my man wens ek net dat hy meer en meer sal kan doen waarvan hy droom om te doen, en dat hy sal aanhou om mense om hom te “bless”. Hy het ‘n groot hart vir arm mense. Vir Lila bid ek dat sy die Here sal ken, en dat sy altyd “real” sal wees in alles wat sy doen – nie ‘n “people pleaser” nie. Ek self sal graag nog kinders wil hê. Ek hoop dat ek nader en nader aan God se droom vir my lewe sal leef, en dat beroemdheid my nie sal verander nie.

Wat sou jy graag wil sê vir die mammas van Suid-Afrika?
Elke mamma is ‘n “awesome” mamma! Moenie voel jy is nie so goed soos ander nie, want dis ‘n leuen. Vind uit wat vir jou werk, sodat jy elke oomblik sinvol kan geniet. Jou kind sal agterkom jy is gelukkig, en dan *sal hy ook blom!*

© Anna Emm Productions 2012

Wanneer my kind bang is vir skool

Tye waarin jou kind nie skoo toe wil gaan nie kan enige tyd opduik, maar is meer algemeen tussen die ouderdomme van 5-7 en 11-14. Daar is verskillende redes waarom kinders by tye nie wil skool toe gaan nie. Meestal is dit vrees om hulle ouers te verlaat of 'n vrees vir die onbekende. Dit kan ook wees dat hulle bang is vir ander kinders by die skool. Soms het 'n kind bloot 'n baie sterk wil en daarmee saam dan 'n geneigdheid om te rebelleer. Dit is belangrik dat jy as ouer die moontlike redes ondersoek en dan probeer om die rede vir jou kind se vrees of onwilligheid aan te spreek, eerder as om elke dag te baklei teen die skoolganery. Gesels met ander ouers en kry raad oor hoe hulle soortgelyke situasies hanteer. Meeste kinders gee by tye vir hulle ouers hoofpyne oor skool toe gaan, en jy kan praktiese idees kry by ouers wat al suksesse daarmee behaal het. Berei jou kind voor vir sy eerste skooldag. Vertel hom wat gaan gebeur en wat hy kan verwag. Verduidelik vir hom watter dinge dalk nie maklik sal wees nie. Moenie vir hom 'n onrealistiese prentjie skets nie, maar berei hom voor op die goeie en die slegte dinge. Deel jou eie ervaringe rondom nuwe plekke en mense met hom, en help hom om sodoende sy eie vrese en onsekerhede te verwoord.

Soms het kinders net nodig om hardop te dink. Lees vir hom 'n storie oor 'n kind se eerste skooldag, en teken saam met hom 'n prentjie oor hoe julle dink dit gaan lyk by die skool. Al hierdie dinge help hom om te praat en te dink en te verwerk wat gebeur. Indien moontlik, stel jou kind voor die tyd reeds voor aan die skool en die onderwyser tydens 'n opedag. Wys vir hom sy klaskamer. Doen moeite om vooraf kontak te maak met maatjies wat in sy klas gaan wees, sodat daar bekende persone is wanneer hy skool toe gaan. Verwag dat 'n kind wat nie wil skool toe gaan nie, sal kla oor fisiese probleme soos maagpyn of hoofpyn. Gee ag op die klagtes, ondersoek hom en meet sy koors, maar bly kalm en bemoedigend.

Sorg dat jou kind nie laat saans televisie kyk nie, en moenie die televisie voor skool aanskakel nie. Laat jou kind deel word van ander groepies en buitemuurse aktiwiteite sodat hy gewoond kan raak daaraan om tussen ander kinders te wees. Wees geduldig, maak nie saak hoe lank dit neem nie. Moenie kwaad raak of argumenteer nie. Groet jou kind vinnig en laai hom af by die skool. Soos hy agterkom dat dit nie vir jou traumaties is nie, sal hy ook veiliger voel.

Die storie van "Ignatius gaan skooltoe" help kinders wat bang is om skooltoe te gaan.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker,en spanning.

Slegs R35 per CD!

Kies van 24 onderwerpe

www.AnnaEmm.co.za

DIE Vita Stories REEKS

is 'n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.
Elke storie is geskryf rondom 'n ander sosiale kwessie
en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede,
emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : 'n luisterstorie oor 'n spesifieke kwessie, 'n inkleurprentjie, 'n ouerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.

CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING
CD2: Frikke die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER
CD3: Daar was eenmaal 'n kewertjie - MISLUKKING
CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS
CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA
CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES
CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE
CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG
CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS
CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE
CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK
CD12: Topsie die seekat - DIE EENKANTKIND
CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING
CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING
CD15: Ignatius gaan skooltoe - VREES VIR SKOOL
CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE
CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEELD
CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING
CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND
CD20: Sewe klein katjies - TERG
CD21: Dippie tel 'n eiertjie op - HARTSEER
CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS
CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING
CD24: Bang Bennie - VREES

R35 per dubbel CD / R750 vir die reeks van 24
www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Verlede maand het ek vir julle aktiwiteite gegee om buite in die water saam met jou kleinding te doen. Hierdie maand konsentreer ons steeds op buitespel, maar ons kombineer dit met verskillende teksture.

Deur jou kind aan verskillende teksture bloot te stel, stimuleer jy sy sensoriese ontwikkeling. Laasgenoemde is uiters belangrik vir jou kind se ontwikkeling. Hy voel en vat aan dinge waarmee hy in aanraking kom en ontdek so die wêreld om hom.

Stel jou baba van vroeg aan verskillende teksture bekend - glad, grof, hard, sag, nat en droog. Dit leer hom hoe om te onderskei tussen wat hy voel, en ontwikkel dus sy tassintuig. Trek maar gerus baba se skoene uit! Laat hy die gras, grond, klippies en plaveisel onder sy voetjies voel.

Sandput Toe!
Indien daar nie genoeg spasie in jou tuin is vir 'n sandput nie, maak sommer 'n groot plastiese skulp, opblaasswembadjie of 'n groot skottel vol gewaste, behandelde speelsand. Jou baba sal ure se plesier daarin hê! Gee genoeg bakkies en lepels om mee te skep en te roer.

Jellie In Bakke
Maak 'n paar pakkies jellie aan. Gooi die verskillende kleure in 'n groot skottel. Trek sommer jou baba se klere uit en laat hy in die jellie sit. Baba kan nou vat, voel en sommer eet ook! Wys hom op die verskillende kleure en noem elke kleur. Jellie in bakke is ook 'n treffer vir kinderpartytjies!

Skeerroom
'n GROOT wenner! Spuit vir baba in 'n bak, skinkbord of op groot velle borrelpapier. Laat hul dit smeer, vryf en voel. Strooi nou bietjie poeierverf oor sodat hulle hul eie reënboogkleure kan maak. Groot pret!

Gaar Spaghetti En Rys
Maak spaghetti of rys gaar en kleur dit in verskillende kleure met voedselkleursel. Laat jou baba na hartelus daarin baljaar!

Skottels Vol Pret!
Varieer elke week groot skottels of skulpe met die volgende teksture: voëltjiesaad, mieliemeel, droë rys, boontjies, afvallappies, sponsies, polistirien*chips*, ontbytpappe, herfsblare, sago, ens! Sit die skottels op die gras neer en dit wat gemors word, sal die voëltjies kom oppik!

Dis somer. Benut ons heerlike weer en maak buitespeel lekker pret vir jou kind! Raak kreatief met verskillende teksture en speel gerus weer saam!

Ek nooi jou uit om in 2012 'n gratis les te kom bywoon by PIENKVOET-PRET waar ons al spelende leer. Babas tussen 3 maande en 3 jaar woon die klas saam met mamma by.

Babas met spesiale behoeftes is welkom! Klasse is 'n uur en 'n half lank en tydens die les word alle vlakke van ontwikkeling aangeraak.

Ons leer jou hoe om jou baba speel-speel te stimuleer en gee vir jou wenke en idees wat jy tuis kan herhaal. Ons speel elke week in 'n ander tekstuur! Kom ons wys jou hoe!

Afrikaanse DVD
Die Avonture van Lekkerbekkie Muis
Agt opwindende stories op DVD oor Lekkerbekkie Muis en sy maats vir voorskoolse maatjies van 2-5 jaar!
(65 min speeltyd)

Bestel jou DVD by
lekkerbekkie@annaemm.co.za
R149
(R20 posgeld op bestellings onder R300)



© Anna Emm Productions 2012

11-jarige illustreerder sluit aan by Anna Emm-span!

Elanie Bieldt is net 11 jaar oud, maar haar illustrasies kan maklik meeding met die mees ervare kunstenaars in die bedryf! Haar tekeninge is vol verbeelding en detail, en bring nou 'n nuwe dimensie aan Anna Emm se gewilde stories.

In 2011 het Elanie twee van Anna Emm Productions se CD-omslae geïllustreer, nl. *Jakkals en Wolf* en *Doefdaf die donkie*. Hierdie jaar sluit sy met mening aan by die span wanneer die eerste 12 kinderboekies deur hierdie produksiehuis vrygestel word. Elanie sal al die illustrasies vir die boekies doen. Die eerste twee boekies, *Vanaand as ek slaap gaan ek vlieg oor die see* en *Vanaand as ek slaap gaan ek speel op die maan*, is reeds klaar, en word einde Januarie vrygestel.

Jy kan hierdie boekies bestel by mail@annaemm.co.za @ R60 elk. www.AnnaEmm.co.za

KOSBLIK-RESEP:

Piesang en Jogurt Muffins

Hierdie resep maak 12 muffins, en is ideaal vir daardie pouse-kosblik!

BESTANDDELE

1 ¾ koppie self-raising meel
½ koppie strooisuiker
1 koppie natuurlike jogurt
1 eier
2/3 koppie olie
2 groot piesangs fyngemaak

METODE

1. Voorverhit die oond tot 180 grade.
2. Smeer 'n 12-muffin pan liggies.
3. Sif meel en suiker in 'n bak.
4. Meng jogurt, eier, olie en fyngedrukte piesang in 'n groot bak. Roer die droë bestanddele bietjie-vir-bietjie by, en roer tot alles goed gemeng is.
5. Skep die deeg in die 12 bakkies van die muffin-pan, tot elke bakkie so driekwart vol is.
6. Bak vir 20 tot 25 minute, of toets met 'n breipen in die middel van die muffins – die pen moet skoon uitkom.
7. Haal uit die oond en laat vir 5 minute afkoel.
8. Dop die muffins uit op 'n draadrakkie en laat heeltemal afkoel.
9. Pak dit in vir pouse saam met bietjie gerasperde kaas.

© Anna Emm Productions 2012

Ons plus twee

Lippies verf

Ons poppelop is op die oomblik gefassineer deur grimering. Elke oggend vra sy vir "lippies" (dis nou lipgloss). Dan 'n vee met die onderlaagsponsie. Onlangs het sy ook ontdek oogpotlode kan pragtige strepe trek.

Die fase is nie vir my ongewoon nie. Ouboet is immers ook daardeur, maar hy het net heel ander planne gehad met mamma se "mooimaak goed". Ek onthou te goed hoe ek hom eendag so 2 jaar terug in my kamer vind nadat ek sus gevoed het. Daar staan hy ewe tevrede en bewonder sy kunswerk. Jackson Pollock sou kon kom vir lesse. Daar was die interessantste motiewe oor die mat en ons duvet. En die man het duur smaak gehad. Natuurlik het hy net die beste gebruik. Een ding wat ek wel wys geword het, is dat as Clinique sê hul grimering is gemaak om lank te sit, dan bedoel hulle dit!

So kom kleinsus toe ook nou die aand ewe in die gang af, baie trots op haarself - "lippies verf", sê sy. (Ek moes geweet het die gaan slaap het net te maklik verloop!) Na ligte-uit het die klein juffrou in ons donker kamer haar gesig gaan mooi maak. Spierwit lippe, *lipliner* oor haar oë. Ek moes seker baklei het, maar ek kon net lag vir die vreeslike gesig.

Deesdae is dit Pop, die kinders se lewensgroottte loop-pop, wat proefkonyn geword het vir hulle kreatiewe eskapades. Maar eerder vetkryt-merke oor die arme Pop se gesig en lyf, as Clinique op my linne en my mure!

*

Lizelle Rademeyer woon saam met haar man en twee kinders, Ellard (4) en Salomie (2) op Stellenbosch.

Ek is my kind se voorbeeld. Ek moet vergewe…

Op pad in die motor vanoggend gesels ek en my 11-jarige oor vergifnis. Hoe ons op die onderwerp gekom het, weet ek nie, maar ek is seker sý het dit begin met een van haar moeilike vrae. Ek glo mos daarin om al my kinders se vrae te probeer antwoord – veral die moeilikes. En soos ek die dinge wat ek ook maar nie altyd verstaan nie aan haar probeer verduidelik in eenvoudige kindertaal, "challenge" dit my weer soos gewoonlik: Doen ék dit, hierdie dinge wat ek vir haar leer?

Soos om te vergewe…

Daar was 'n tyd toe ek vir 7 jaar lank nie met my pa gepraat het nie. Vóór ek kinders gehad het. Want voor mens kinders het is klein goedjies baie ingewikkeld en spandeer jy baie tyd aan tob en derms ryg. Dan hét jy nog baie tyd vir dink en dink en dink oor alles en almal wat jou seergemaak het.

Maar om vas te hou aan 'n seer maak moeg, en om kwaad te bly maak nog moeër. Na my eerste babatjie gebore is het ek geweet ek het nie meer energie en tyd vir kwaadwees nie. Ek wou nie meer die swaar onthou met my saamsleep nie. Nie terwyl my arms moeg was van baba vashou en my oë gebrand het van min slaap nie. Ek wou net aanbeweeg. Dit was moeilik. Dit voel mos solank jy kwaad is, maak dit jóú reg en jou seermaker skuldig. Asof vergewe gaan beteken dit wat aan jou gedoen was is nie meer verkeerd nie. Op 'n dag het ek besef vergewe is 'n keuse wat jy in jou kop maak. Net 'n keuse – soos om vroeg te gaan slaap, of warm aan te trek. Oor die emosies en die kwaad en die seer het ons nie beheer nie, maar die keuse kan ons maak. Jy kan vir jou hart sê: "Ek hoor jou dat jy seer is, maar dis nou genoeg. Ek kies om te vergewe." En jy kan vir God sê: "Dis my keuse om te vergewe, sorg Jy dat my emosies gaan lê. Sit Jou hand op my seer hart, en maak gesond. Ek KIES dit."

Vir 11-jariges is dinge baie eenvoudig. Dis maklik om te verstaan dat wanneer jy reg doen, jy die pad oopmaak vir goeie goed om te gebeur, en wanneer jy verkeerd doen, jy die deur oophou vir slegte dinge om te gebeur.

Die een wat jou seergemaak het sal daarmee moet "deal" anders gaan sy lewe nie regkom nie. Maar met jou kwaad sal jý moet "deal", anders gaan jou lewe ook nie regkom nie.

"Vergewe is *magic*", sê ek terwyl ons ry. "As jy elke keer wat die kwaad kom net KIES om te vergewe en dan sommer aan iets anders dink – al moet jy dit tien keer 'n dag kies – dan sal jy eendag weer daaraan dink en sien dat die kwaad weg is. En dat die seerplek gesond geword het. As ons kies om Hom toe te laat, werk God sy *magic* met ons emosies."

© Anna Emm Productions 2012

Storie Minute

Begripstoetse was nog nooit soveel pret nie!

Een gelukkige leser kan die volledige STORIE MINUTE reeks van 6 CDs wen! Sien bl.9 vir besonderhede.

Die afgelope drie jaar staan onderwysers, arbeidsterapeute en ouers tou om Anna Emm se "Storie Minute" reeks in die hande te kry. Nie net is daar 'n reuse tekort aan Afrikaanse begripstoetse vir kinders van 5-12 jaar nie, maar hierdie pakket van 60 kort stories verbeter ook konsentrasie-, luister- en leesvaardighede – en die kinders is mal daaroor!

Die Storie Minute reeks bestaan uit 6 dubbele CDs met 60 kort stories op. Getrou aan Anna Emm Productions se produkte is die stories verbeeldingryk, modern, boeiend en propvol snaaksighede! Dis juis hierdie elemente wat kinders laat vergeet dat hulle besig is "om te leer", en wat die stories 'n wenner in die klaskamer maak. Elkeen van die 60 stories het 15 vragies oor die storie – in verskillende moeilikheidsgrade – en word voorgelees op 'n audio CD (vir luisteroefeninge), maar verskyn ook in teksformaat op 'n data CD (vir lees-oefeninge). Nou kan die ouer of onderwyser die kind na die stories laat luister, of die storie uitdruk as 'n lees- en skryfoefening. Dus kan Storie Minute maklik aangewend word vir sterker én swakker leerders vanaf voorskoolse ouderdom tot en met Graad 7.

In sy audio-formaat is elke storie so 2 minute lank. In teksformaat pas elke storie mooi op 'n A4 bladsy in, en is die "font" maklik leesbaar vir jong kinders.

Deesdae sukkel meeste kinders met luistervaardighede weens o.a. die lang ure wat hulle voor die televisie deurbring. Ouers sit ook hande in die hare met kinders wat hiperaktief en aandagafleibaar is. Konsentrasieprobleme beïnvloed kinders se prestasie op alle gebiede, en hoe vroeër dit aangespreek word, hoe beter. "Storie Minute" is 'n waardevolle hulpmiddel vir ouers om by die huis te gebruik.

"Dikwels ontwikkel kinders 'n vrees vir lees en skryf omdat hulle sukkel," vertel 'n arbeidsterapeut, "en dan wil hulle glad nie begripstoetse doen nie. Die "Storie Minute" stories help hierdie kinders vreeslik omdat hulle aandag afgelei word deur die lekker storie, en hulle nie eens besef hulle is besig met 'n begripstoets nie!"

Anna Emm Productions het die "Storie Minute" reeks op aanvraag van laerskole ontwikkel, en dit word reeds met groot sukses regoor die land in huise en klaskamers gebruik.

www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Ons nuwe GOEDKOPER!!!

Storieklub

Sluit aan by Anna Emm Productions se gewilde Storieklub, en kry ´n nuwe CD met 4 lekkerluisterstories elke maand in die pos!

Nou slegs R79 per maand!!

Betaal met gerieflike maandelikse debietorders, en kanselleer jou lidmaatskap net wanneer jy wil! (Minimum periode 3 maande)

Stories op jou 1ste CD:

1. Prinses Jana en die Seerower
2. Prinses Jana en die Groot Vuur
3. Prins Dirkie en die Blink Vis
4. Prins Dirkie en die Groot Gevaar

Storieklub-vorm Voltooi en faks na 086 726 5384

Persoonlike Besonderhede

Rekeninghouer: _____

Posadres: _____

Huis nr: _____ Sel: _____

Epos: _____

Stuur asb my CDs met:

□ **Gewone pos (GRATIS)** Totaal = R79.00

□ **Met verwysingsnommer (R20.00)** Totaal = R99.00

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand:

Bank: _____ Tak: _____

Takkode: _____ Rek.tipe: _____

Naamhouer van rekening: _____

Rekeningnommer: _____

Debit order authorisation:
This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above.The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

_____ _____

Handtekening / Signature Datum / Date

Kompetisie

Een gelukkige leser kan hierdie maand die volledige Storie Minute stel van 6 CDs deur Anna Emm Productions wen (waarde R500)!

Vraag: Anna Emm Productions het onlangs verhuis na nuwe kantore – wat is hulle nuwe adres?
(Antwoord by www.AnnaEmm.co.za)

Hoe om in te skryf:
Stuur ‘n epos met jou naam, kontaknommer, posadres en die antwoord op die vraag na lekkerbekkie@annaemm.co.za

Slegs een inskrywing per persoon! Sluitingsdatum: 25 Januarie. Die wenners sal in die volgende uitgawe van Lekkerbekkie bekend gemaak word.

Desember se wenners!

Baie geluk aan die wenners van Desember se Jakkals en Wolf CD-kompetisie:

Bernadette van der Westhuizen (Tableview), Elmar Liebenberg (Paarl) en Sarah Walters (Goodwood) wen elk ‘n Jakkals en Wolf CD! Baie geluk!

Vir meer besonderhede oor hierdie produk en ander kinderstories op CD besoek www.AnnaEmm.co.za

Adverteer in die volgende Lekkerbekkie!

lekkerbekkie@annaemm.co.za

Kontakbesonderhede

Lekkerbekkie is ‘n GRATIS maandelikse e-Tydskrif!

As jy graag elke maand ‘n nuwe Lekkerbekkie GRATIS wil ontvang stuur ‘n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za.

Wil jy nie meer uitgawes van Lekkerbekkie ontvang nie?
Stuur ‘n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za met die woord “UNSUBSCRIBE” in die *subject line*.